# Beleidstandpunte
# Plaaslike Regering

**Hantering van Plaaslike Regeringsaangeleenthede**

Die impak van die volgende aspekte het 'n wesenlike negatiewe uitwerking op die Ekonomiese Volhoubaarheid van Landbou:

- *Wet op Plaaslike Regering:*

Munisipale Eiendomsbelasting (Wet 6 van 2004) asook Strukture wet (Wet 117 van 1998).

TLU SA besef dat eiendomsbelasting saamgestel word uit publieke dienste wat gelewer word vir die gemeenskap wat o.a. insluit begraafplase, skoonmaakdienste, hantering van publieke oorlas, sport fasiliteite, slagpale, parkering en paaie binne die munisipale dorpsgebied sowel as die inkomste wat die munisipaliteit moet verkry vir die ontwikkeling wat binne sy grense as prioriteit beskou word om die ekonomiese vooruitgang van alle inwoners te ondersteun.

Die wetgewing plaas 'n verantwoordelikheid op alle inwoners om belasting te betaal maar stel ook spesifieke regulasies daar waaraan die munisipaliteit moet voldoen.

TLU SA se standpunt is dat ons as wetsgehoorsame burgers erken en besef daar is 'n verpligting op alle inwoners om eiendomsbelasting te betaal maar kan daar slegs aan die vereiste voldoen indien:

- Die munisipaliteit volgens wetlike regulasies die verordeninge en beleide korrek toepas en aan wetlike aspekte voldoen aangesien die plaaslike regering amptenare dienaars is wat in belang van die publiek hulle mandaat moet uitvoer;
- Die eiendomsbelasting volgens wetgewing bekostigbaar is vir die grondeienaar en nie 'n negatiewe invloed uitoefen op die volhoubaarheid van landbou nie;
- Die munisipaliteit sy onderneming in die ontwikkelingsplan in terme van ontwikkeling en dienste nakom.

Bogenoemde plaas dus 'n verpligting op elke lid van TLU SA om betrokke te raak by die munisipaliteit se aktiwiteite veral in terme van die ontwikkelingsplan en begroting

sodat daar nougeset deurlopend die aktiwiteite van die munisipaliteit bepaal kan word, nagegaan word en daar binne die ooreenkoms van die ontwikkelingsplan aan die beloftes wat aan die gemeenskap gedoen is, voldoen word.

Waar daar dus 'n gebrek ontstaan by die munisipaliteit waaraan daar nie voldoen word nie, moet daar deur kommunikasie die gebrek aangespreek word en reggestel word. Daar moet gepoog word met onderhandeling om die gebrek wat bestaan te beslis deur 'n verminderde toepassing van belasting. Slegs waar daar geen ander uitweg is om die aangeleentheid uit te klaar nie, kan daar oorweging geskenk word om 'n dispuut te verklaar wat 'n ekonomiese impak kan hê op die munisipaliteit.

TLU SA se lede moet deeglik kennis neem van die aspekte van 'n dispuut ten einde enige negatiewe effek wat daaruit kan voortspruit, deeglik in ag te neem.

TLU SA besef dat eiendombelasting saamgestel word uit publieke dienste wat gelewer word vir die gemeenskap wat o.a. insluit begraafplase, skoonmaakdienste, hantering van publieke oorlas, sport fasiliteite, slagpale, parkering en paaie binne die munisipale dorpsgebied sowel as die inkomste wat die munisipaliteit moet verkry vir die ontwikkeling wat binne sy grense as prioriteit beskou word om die ekonomiese vooruitgang van alle inwoners te ondersteun.

Die wetgewing plaas 'n verantwoordelikheid op alle inwoners om belasting te betaal maar stel ook spesifieke regulasies daar waaraan die munisipaliteit moet voldoen.

TLU SA se standpunt is dat ons as wetsgehoorsame burgers erken en besef daar is 'n verpligting op alle inwoners om eiendombelasting te betaal maar kan daar slegs aan die vereiste voldoen indien:

- Die munisipaliteit volgens wetlike regulasies die verordeninge en beleide korrek toepas en aan wetlike aspekte voldoen aangesien die plaaslike regering amptenare dienaars is wat in belang van die publiek hulle mandaat moet uitvoer,
- Die eiendombelasting volgens wetgewing bekostigbaar is vir die grondeienaar en nie 'n negatiewe invloed uitoefen op die volhoubaarheid van landbou nie,

	Die munisipaliteit sy onderneming in die ontwikkelingsplan in terme van ontwikkeling en dienste nakom.

Bogenoemde plaas dus 'n verpligting op elke lid van TLU SA om betrokke te raak by die munisipaliteit se aktiwiteite veral in terme van die ontwikkelingsplan en begroting sodat daar nougeset deurlopend die aktiwiteite van die munisipaliteit bepaal kan word, nagegaan word en daar binne die ooreenkoms van die ontwikkelingsplan aan die beloftes wat aan die gemeenskap gedoen is, voldoen word. Waar daar dus 'n gebrek ontstaan by die munisipaliteit waaraan daar nie voldoen word nie, moet daar deur kommunikasie die gebrek aangespreek word en reggestel word. Daar moet gepoog word met onderhandeling om die gebrek wat bestaan te beslis deur 'n verminderde toepassing van belasting. Slegs waar daar geen ander uitweg is om die aangeleentheid uit te klaar nie, kan daar oorweging geskenk word om 'n dispuut te verklaar wat 'n ekonomiese impak kan hê op die munisipaliteit.

TLU SA se lede moet deeglik kennis neem van die aspekte van 'n dispuut ten einde enige negatiewe effek wat daaruit kan voortspruit, deeglik in ag te neem.

**Die rol van plaaslike besture/regering**

- TLU SA onderskryf die uitgangspunt dat daar verskillende gesagdraende liggame (regerings-vorme) is nl. die van die individu, die gesin, die kerk en kultuur, en burgerlike gesag. Alle gesag van die staat is afgeleide gesag en kan plaaslike owerhede nie optree anders as deur gesag wat wetlik van hoër regeringinstellings afgewentel word nie.
- Die Plaaslike Owerheid het daarom die aanspreeklikheid teenoor die hele gemeenskap, en nie net teenoor die regerende politieke party nie, om die reg te handhaaf en kriminaliteit te straf, onpartydig op te tree in regsake, 'n vrye en veilige omgewing te skep vir produksie in 'n vrye ekonomie, en om tirannie en monopolie te voorkom.
- Die Plaaslike Owerheid het ook die verantwoordelikheid om nie op die terrein van die burgerlike gemeenskap te oortree en dit eensydig te wil beheer en bestuur nie aangesien so 'n optrede die basis van die diktatuur van die party in die gemeenskap is.

- TLU SA tree binne regverdige wetgewende gesag op sonder die opgawe van regte om sodoende die kommersiële landbouer se belange te verteenwoordig en te bevestig.
- TLU SA is by plaaslike bestuur betrokke sonder partypolitieke verbintenis en sal voortdurend as landbou organisasie die bestuur en lewering van dienste moniteer en daarvolgens vir boere belange optree.

**Grondbelasting en volhoubare kommersiële landbou**

- TLU SA onderskryf die uitgangspunt dat belastings deel is van die staatsbestel van Suid-Afrika en dat elke burger verantwoordelik is vir die betaling van persoonlike belasting.
- Belastings en heffings wat op 'n onbillike aanslag van belastingheffing neerkom sonder deursigtige en eerlike finansiële bestuur en lewer van dienste word as dwaling en wanbestuur beskou.
- Landbougrond is vir kommersiële landbou 'n produksiemiddel en word gereken nie belasbaar te wees nie.
- Die belasting van landbougrond word alleen ondersteun indien die toepassing daarvan volgens die prosedure van die toepaslike wette gedoen word, die nodige ooreenkomste oor uitvoerbare dienste met grondeienaars nagekom is, billike waardasies voltooi is, en onbekostigbare belasting op landbougrond opgeskort word.
- TLU SA se standpunt is steeds dat landbougrond as produksiemiddel nie buite verband belasbaar moet wees nie, en dat daar slegs vir publieke dienste wat die landbouer se aktiwiteite ondersteun betaal behoort te word.
- TLU SA erken ekonomiese ontwikkeling op terreine binne die plaaslike regering bestel wat 'n positiewe invloed kan meebring tot die landbouer se ondersteuningbasis. (Slegs 'n opmerking ter ondersteuning: Dws die regering kan dus ondersteun word bv. in die bou van klinieke waar daar 'n tekort is sodat ons werkers die nodige dienste bekom indien nodig. Daar kan verskeie sulke voorbeelde wees.)